

CANOLAFOKUS

Mondstuk van die canolawerkgroep



April 2019 No. 87

Riglyne vir die vroeë aanplanting van canola in die Wes-Kaap

PJA Lombard, J Strauss en L Smorenburg

Dit is 'n algemene tendens voordat produsente te vroeg in die plantseisoen hul canola wil vestig. Daar word aanvaar dat later aanplantings meestal 'n laer opbrengsverwagting het, maar wanneer is optimaal? Daar is wel 'n paar riglyne wat gevolg moet word as canola vroeg gesaai word.



Figuur 1: Laaste week van April teenoor
1^{ste} week van Mei aanplanting in
Swartland (Foto: I Crouse)

Boerderygebied:

Ideale saaidatums wissel van area tot area. Hierdie datum word bepaal deur die normale reënvalverspreiding. In die Oos-Rûens is die kans op voldoende grondvog in die middel van April baie beter as in die Swartland. In die Swartland is die laaste week van April 'n geskikte tyd, indien daar reeds voldoende grondvog is.

Saaidatum beïnvloed die fisiologiese ontwikkeling van die canolaplant:

Wanneer vroeg geplant word (vanaf middel April), moet kultivars aangeplant word wat langer neem om te blom.

Kultivars wat vinnig ontwikkel kan gevolglik in 'n periode blom wanneer dit baie gunstig is vir die ontwikkeling van *Sclerotinia*, terwyl rypskade ook moontlik kan voorkom wat tot gevolg kan hê dat peule nie ontwikkel nie.



Fig. 2: Rypskade

Tabel 1: Saaidatum en gemiddelde verwagte datum vir die aanvang van blom (lw. seisoen en kultivarkeuse kan afwykings tot gevolg hê).

Streek	Saaidatum vanaf:	Verwagte datum van blom
Oos-Rûens	Middel April	einde Junie
Wes-Rûens	Laat April	begin Julie
Suid-Rûens	Middel tot laat April	Einde Junie tot begin Julie
Swartland	Einde April	Einde Julie

Bestuur grondvog:

Oesreste moet so wyd as moontlik uitgestrooi word om te help met die bewaring van vog in die grond. Beheer graanopslag en onkruid wanneer hulle nog klein is en min vog kon gebruik het.

- Stoppel verhoog grondvog deur afloop te voorkom, verdamping te verminder en infiltrasie te verhoog.
- Laat somer- en herfsreën verhoog grondvog wat weer verbeterde ontkieming tot gevolg kan hê.
- Grondvog in die laat somer en herfs het verhoogde mineralisasie van stikstof tot gevolg wat gevolglik dan beskikbaar is vir die plant.

Oordrag van chemiese residue:

Let altyd op die onthoudingsperiode en veral waar vroeg geplant word. Onthou dat aantal maande nie noodwendig voldoende is nie, maar ook

voldoende vog wat 'n noodsaaklike rol speel met die afbreek van chemiese middels. Wees net bedag daarop dat na 'n droë seisoen die onkruidresidue erger as gewoonlik kan wees (veral waar te vroeg gesaai word). Langer periodes van grondvog is voordelig vir die afbraakproses. Voldoende grondvog help ook met die loog van sekere chemiese middels soos triazine.



Figuur 3: Sulfoniel (SU)-oordragskade

Saadplasing:

Plaaslik en in Australië is gevind dat, waar daar vroeg geplant word, die ontkieming van sade wat effens dieper geplaas word, beter is. In die bo-grond is die verdamping in die herfs hoër as later in die seisoen wanneer omgewingstemperature laer is. Wanneer vroeg geplant word kan die saad tussen 25-35 mm diep geplaas word (35 mm kan slegs oorweeg word as die saad baie groot is). Indien die grond droog is kan die saad vlakker geplaas word, nl. 15-20 mm diep. Onthou dat wanneer in grond met min vog geplant word en omgewingstemperature hoog is, swak en ongelyke ontkieming of selfs sekondêre dormansie kan ontwikkel.

Saaidigtheid:

Pas saaidigtheid aan indien vroeg geplant word. Saailingvestiging is swakker wanneer daar by warmer temperature met marginale vog gesaai word. 'n Vestigingspersentasie (oor 'n aantal jaar) van 25-50% word op Tygerhoek waargeneem as daar vroeër gesaai (middel tot laat April) word, teenoor 40-65% met die later aanplantings in die begin van Mei. In Australië wissel dit van 40-50% met vroeë aanplanting teenoor 60-70% by later aanplanting.

Onkruid bestuur:

Met vroeë aanplantings word soms gesaai voor onkruid kan ontkiem. Kies in so 'n geval kampe met 'n lae onkruiddruk en pas die gebruik van vooropkoms

chemiese onkruidbeheer deeglik toe. Dis ook belangrik om die tipe kultivar met die regte onkruiddoderweerstand te kies sodat dit die onkruiddoderweerstand van onkruid in die betrokke kamp in ag neem.

Grondvrugbaarheid:

Selekteer kampe met hoë potensiaal waar vroeg gesaai word. Canola wat vroeg gesaai word se opbrengspotensiaal is beter. Hierdie kampe sal help om die volle potensiaal van die gewas te ontsluit.

Insekte:

Die risiko vir plantluise is hoër wanneer vroeg geplant word. Die Groenperskeluis is 'n draer van die "beet western yellows virus" (BWYV) en die risiko verlaag egter as opslag en onkruid voor die tyd beheer word. Ander plae soos naak-, toringslakke, isopodas, Valsdraadwurm (koffiepitte) word meer beïnvloed deur rotasiestelsels, plantreste en bewerking as deur saaidatum.



Figuur 4 & 5:
Vals draadwurm
en hul kewers
(koffiepitte)

Oorweeg siektedruk:

Ons het die afgelope paar seisoene gevind dat die siektedruk van swartstam toeneem by canola, hoewel 'n afname in 2018 waargeneem is. Wanneer vroeg gesaai word, verminder die risiko aangesien die plant reeds 'n paar blare vorm alvorens die spore vrygestel word.



Figuur 6: Stamme met swartstam

Vinnig ontwikkelende kultivars wat vroeg gesaai word kan meer en vir langer periodes blootgestel wees aan

Sclerotinia. Die kultivars blom in die tydperk wanneer die klimaat baie ideaal is vir die ontwikkeling van *Sclerotinia*.

Platsny van Canola:

Vroeë aanplantings vorm oor die algemeen meer vertakkings (afhangende van saaidigtheid) as later aangeplante canola. By plante wat baie vertakkings vorm word die meeste saad nie op die hoofalm gedra nie.

Met 'n saaidigtheid van 35 plante m² word 75% van die opbrengs op die syhalms gedra, terwyl met 58

plante, 66% van die opbrengs op die syhalms gedra word. Die aanbevole metode vir die bepaling van platsny, is deur peule op die hoofalm te pluk. In gevalle waar 'n groot persentasie van die opbrengs op die syhalms gedra word, moet peule verkieslik op die hele plant geëvalueer word en nie net die op hoofalm nie. Die sekondêre halms neem langer om ryp te word en kan die tyd/datum van platsny vertraag (figuur 7).



Figuur 7: Primêre halms reeds ryp.

Opmerking

Veranderende weerpatrone, somerreën en bewaringslandbou is almal belangrike faktore wat in berekening gebring moet word alvorens die saaidatum vir die komende seisoen bepaal word. Verbeterde bewerkingspraktyke tesame met oordrag van grondvog kan die risiko van vroeër saai verminder.

Navrae: Direktoraat Plant Wetenskappe, Wes-Kaapse Departement van
Landbou, Privaatsak X1, Elsenburg, 7607, Tel 021-8085321.
pietl@elsenburg.com

Redaksie: PJA Lombard, J Bruwer, Izane Leygonie
en Chris Cumming (spesiale lid)

Geborg deur die Proteïennavorsingstigting

Besoek die PNS se webblad by www.proteinresearch.net vir vorige uitgawes
van nuusbriewe en pamflette.